

**18 Januarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 10:22-34**

**Fokusgedeelte: Johannes 10:26-29**

**Ken die Skaapwagter jou, geliefde, luister jy na die stem van ons Verlosser Jesus Christus?**

Met die fees van die tempelwyding het die Jode teruggedink aan die herstel van die tempel nadat dit in die tweede eeu vC deur die Siriese heerser Antiochos Epifanes onteer is. Judas Makkabeus, 'n lojale Joodse leier, het toe 'n opstand gelei om hierdie gehate heerser te verslaan. In die middel van Desember 164 vC is die tempel toe weer in gebruik geneem.

Daarna is daar elke jaar 'n fees van agt dae lank in die tempel gehou. In die lig van hierdie fees het Jesus na die tempel toe gegaan. Die identiteit van Jesus het nou 'n brandende vraagstuk geword.

Die Jode wou weet of Hy werklik die Messias is, of Hy gekom het om vir hulle sondes te sterwe. In vers 25 lees ons dat Jesus erken dat Hy die Verlosser is, maar tog sien ons dat die Jode Hom nie glo nie, omdat Hy Homself nie aan hulle openbaar nie. Hoe 'n wonderlike voorreg het ek en jy nie, geliefde, want die skaapwagter het Homself aan ons geopenbaar, Hy ken ons op die naam!

Nou moet ons, net soos 'n trop skape agter 'n skaapwagter aanloop, agter ons Verlosser, Jesus Christus, aanloop; ons moet in sy voetspore volg. En wees gerus, geliefde, want niemand en niks, nie eers die vrese van die lewe, kan ons uit die hand van die Vader ruk nie. Hy is met ons tot in die voleinding van die wêreld.

*Sing: Psalm 90:1-3*

*Teologiese Student Dirk de Bruyn*

